

DIEPER DIEPER

IN JOU TAAK EN OPDRAG - HEMELVAART



Hemelvaartdiens

Preeknota

Datum: 26/05/2022

1. Wat is die belangrikste opdrag wat jy al gekry het?

2. Jesus se opdrag aan ons.

a) Verander die wêreld.

Matteus 28:16-20 (NLV)¹⁶Die elf dissipels het toe na Galilea gegaan, na die berg soos Jesus hulle beveel het. ¹⁷Toe hulle Hom sien, het hulle Hom aanbid, alhoewel party van hulle nog getwyfel het. ¹⁸Jesus kom toe nader en sê vir sy dissipels: "God het die volle mag oor hemel en aarde aan My toevertrou. ¹⁹Gaan dan, maak al die nasies my dissipels, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees. ²⁰Leer hulle om alles te gehoorsaam wat Ek aan julle opgedra het. En weet vir seker: Ek is vir altyd by julle, tot aan die einde van die wêreldgeskiedenis."

b) Liefde vir God en mense.

Markus 12:29-31 (NLV)²⁹Jesus het hom geantwoord: "Die belangrikste gebod is die volgende: 'Luister, o Israel, die Here ons God is die éinigste Here. ³⁰Daarom moet jy die Here jou God liefhê met jou hele hart, met jou ganse siel, met jou totale verstand en met al jou krag.' ³¹Die tweede gebod is net so belangrik: 'Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.' Hierdie twee vorm saam die allerbelangrikste opdrag."

**Liefde vir God, liefde vir mense
en verander die wêreld.**

3. Hoe gaan jy, of ons, die wêreld kan verander?

4. Beginsels wat ons vanuit liefde moet kies.

a) Ons moet hard op die hoofletter "K" Kerk hou!

Romeine 12:4-5 (NLV)⁴Ons besit elkeen een liggaam wat uit baie ledemate bestaan en wat elkeen sy eie spesiale funksie het. ⁵Net so is dit ook met Christus se liggaam. Al is ons baie, vorm ons saam een liggaam omdat ons aan Christus verbind is, en as ledemate van hierdie één liggaam hoort ons saam en het ons mekaar nodig.

b) Ons moet gemeenskap (kerk) wees waar kerkloses graag wil wees.

Lukas 6:17-19 (AFR 53)¹⁷EN Hy het met hulle afgeklim en op 'n gelyk plek gaan staan, en daar was 'n skare van sy dissipels en 'n groot menigte van die volk van die hele Judéa en Jerusalem en die kusstreek van Tirus en Sidon af, ¹⁸wat gekom het om Hom te hoor en van hulle kwale genees te word; en die wat gekwel was deur onreine geeste, is ook genees. ¹⁹En die hele skare het probeer om Hom aan te raak, omdat krag van Hom uitgegaan het, en Hy het almal gesond gemaak.

c) Ons moet 'n omgewing skep waar gaste oop kan wees vir die waarheid van God se Woord.

Matteus 14:15-19 (NLV)¹⁵Teen laatmiddag kom sy dissipels vir Jesus sê: "Dis 'n verlate plek hierdie en kyk hoe laat is dit al. Stuur die mense weg dat hulle in die dorpies kan gaan kos koop." ¹⁶Maar Jesus het hulle geantwoord: "Dis onnodig – gee julle vir hulle kos." ¹⁷"Onmoontlik!" het hulle uitgeroep. "Al wat ons hier het, is vyf brode en twee visse." ¹⁸"Bring hulle hier vir My," het Jesus gesê. ¹⁹Hy gee toe opdrag dat die mense op die gras moet gaan sit. Daarna neem Hy die vyf brode en die twee visse, kyk op na die hemel en vra God om die kos te seën. Toe breek Hy die brood in stukke, gee dit aan sy dissipels en sy dissipels weer aan die skare.

d) Ons moet mense skuif van gas na vriend, vriend na familie, familie na volgeling.

Matteus 9:9-13 (DB)⁹Van daar af stap Jesus toe verder tot by 'n tolhuis. Dit is die plek waar reisigers se bagasie deur belastinggaarders (hulle is tollenaars genoem) deursoek is. Dan moes hulle op sekere goed belasting betaal. Hierdie mense was baie ongewild onder die Jode. Om die waarheid te sê, die Jode wou nie eens met hulle meng of selfs met hulle gesels nie. Matteus was so 'n tollenaar. Toe Jesus Matteus in die tolhuis sien sit, sê Hy vir hom: "Los al hierdie goed waarmee jy jou so besig hou en kom saam met My!" Matteus het nie een oomblik op hom laat wag nie. Hy het alles net so gelos en saam met Jesus verder gestap. ¹⁰Hulle is van daar af na Matteus se huis toe. Daar gekom, nooi Matteus 'n groot klomp van sy vriende vir aandete. Saam met Jesus en sy dissipels was daar natuurlik ook 'n hele klomp mense met wie die Jode nooit eens saam aan 'n tafel gesien wou wees nie. Daar was nog tollenaars en dan ook mense wat deur die Jode as sogenaamde sondaars uitgeskel is. Dit was mense wat nie die Joodse wet so streng gehou het as wat party gedink het hulle moes nie. ¹¹Van die Jode wat die wet baie streng gehou het, het Jesus toe saam met al daardie mense aan die tafel sien sit. Dit het hulle laat wonder of Hy dan soos daardie mense wou word, want 'n mens eet mos net saam met goeie vriende. Hulle het by sy dissipels probeer uitvis: "Wat is Jesus besig om te doen? Wat leer hy julle? Waarom is hy so vriendelik met hierdie slegte mense dat hy selfs saam met hulle eet?" Hulle het die dissipels met vroe gepeper. ¹²Jesus hoor dit toe en vra: "Wat dink julle moet 'n dokter doen? Moet hy heelyd die gesonde mense oppas? Of is sy plek by die siek mense vir wie hy iets kan beteken?" ¹³Die antwoord op hierdie vraag sal julle help om God se woorde te begryp: 'Dit help nie julle broei mekaar warm in die kerk en hou mooi eredienste nie. Nee, Ek wil eerder hê julle moet mense help wat julle hulp regtig nodig het.' Dink mooi hieroor na; dan sal julle verstaan wanneer Ek sê dat Ek nie hier is om mense wat klaar aan God gehoorsaam is weer na Hom toe te lei nie. Nee, dit is die mense wat nie van Hom weet nie wie se oë Ek graag vir God wil oopmaak."

e) Ons gaan soms dinge waarvoor ons lief is, moet opgee vir dinge wat ons selfs liever het.

Lukas 19:1-10 (NLV)¹Jesus het Jerigo binnegegaan en deur die stad gestap. ²En daar was iemand met die naam Saggeus; hy was 'n hoofollenaar en 'n ryk man. ³Hy het sy bes probeer om te sien wie Jesus is, maar hy kon nie vanweë die skare en omdat hy kort was. ⁴Hy het vooruit gehardloop om voor te kom en in 'n vyeboom geklim om Jesus te sien omdat Hy daar sou verbygaan. ⁵Toe Jesus by dié bepaalde plek kom, het Hy opgekyk in die boom en vir Saggeus gesê: "Saggeus, klim haastig af, want Ek moet nog vandag by jou tuisgaan." ⁶Saggeus het toe haastig afgeklim en Jesus opgewonde ontvang. ⁷Almal wat dit gesien het, het geprotesteer en gesê: "Hy het jou werklik tuisgegaan by 'n sondige man!" ⁸Saggeus het egter openlik gereageer en vir die Here gesê: "Here, ek gaan die helfte van my besittings aan die armes gee, en as ek iets van iemand met 'n slenter bekom het, gee ek dit vierdubbel terug." ⁹Jesus sê toe vir hom: "Vandag het daar verlossing vir hierdie huis gekom, omdat ook hierdie man 'n seun van Abraham is. ¹⁰Ek, die Seun van die Mens, het immers gekom om wat verlore is, te soek en te red."

f) Ons moet enigiets kort van sonde doen om mense te bereik wie nié Christus ken nie.

1 Korintiërs 9:20-23 (NLV)²⁰Onder die Jode het ek soos 'n Jood geword om hulle vir Christus te wen. Alhoewel ek nie meer onder die wet staan nie, het ek vir hulle wat onder die wet staan, geword soos iemand onder die wet om hulle wat nog onder die wet staan, vir Christus te wen. ²¹Onder die nie-Jode wat God se wet nie ken nie, het ek geword soos iemand sonder die wet – alhoewel ek in werklikheid nie sonder God se wet is nie, maar onder die wet van Christus staan. Dit het ek gedoen om die nie-Jode vir Christus te wen. ²²Vir die geringes het ek 'n geringe geword om hulle vir Christus te wen. Ek het my met almal vereenselwig om sodoende tog sommige tot verlossing te bring. ²³Al hierdie dinge het ek ter wille van die Goeie Nuus gedoen sodat ek ook aandeel aan sy seëninge kan verkry.

Matteus 10:16 (NLV)¹⁶"Let op, Ek stuur julle soos weerlose skape onder die wolwe in. Wees dan waaksaam soos die slange, maar terselfdertyd opreg soos die duiwe." (NHEV)¹⁶"Look, I send you out as sheep in the midst of wolves, so be cunning as snakes and innocent as doves."

g) Ons moet met irrasionele vrygewigheid leef en lei.

Handelinge 2:44-47 (DB)⁴⁴Hulle liefde vir Hom en vir mekaar het hulle in 'n hegte eenheid saamgesnoer. ⁴⁵Daarom was hulle bereid om selfs hulle besittings met mekaar te deel. Hulle het alles verkoop wat hulle besit het en die geld vir die armes gegee. ⁴⁶Dag na dag het hulle ook na die tempel toe gegaan om God daar te aanbid. Hulle het ook by verskillende huise saamgeëet. Hierdie maaltye was glad nie uitspattig nie. Al die gelowiges was vol vreugde. ⁴⁷Hulle het God heelyd geprys omdat Hy so groot en goed is. Die gelowiges se lewenstyl het die ander mense in Jerusalem aangegryp. Almal het daarvoor gepraat. Daarom het daar elke dag baie mense tot geloof in Christus gekom.

5. Waar kan jy met jou taak en opdrag begin?

Wie gaan jy nou en aan wie gaan jy verkondig?

**Liefde vir God, liefde vir mense
en verander die wêreld.**

PERSONLIKE NOTAS

Om hierdie elektronies in te vul, laai asb die Adobe Acrobat App af

<https://apps.apple.com/za/app/adobe-acrobat-reader-for-pdf/id469337564>

<https://play.google.com/store/apps/details?id=com.adobe.reader>

Link vir Apple iStore

Link vir Google Playstore

Dienste word aanlyn uitgesaai op Facebook en YouTube asook op IFM 102.2 en via klankstroom op www.ifmradio.co.za / www.kg.org.za

KONTAKPERSONE:

Gemeentepredikant: MARIUS MALAN - 082 804 0436
marius@kg.org.za

Gemeentebestuurder: RIAAN PELSER - 082 775 7147
riaan@kg.org.za

Faktootum: CLIFF STOPFORD - 082 820 8448
cliff@kg.org.za

PREDIKANTE:

13 - 18 jaar: TOMMIE ARPIN
082 342 6245 | tommie@kg.org.za

19 - 31 jaar: JONATHAN MÜLLER
064 658 6636 | jonathan@kg.org.za

32 - 42 jaar: EDOHAN BURGER
084 570 0669 | edohan@kg.org.za

43 - 56 jaar: NICO VAN AS
082 973 3895 | nico@kg.org.za

57 jaar en ouer: KOOS JOOSTE
084 277 7770 | koos@kg.org.za

Hoek van Ravel- en Abrahamstrate
Mantevrede, Vanderbijlpark
016 004 0016 / navrae@kg.org.za

**KONTANTLOSE
BYDRAES**

BANKBESONDERHEDE:
Kompas Gemeente
Eerste Nasionale Bank
Rekeningnummer: 62609813846
Takkode: 250 655